Die Wapad

JAARGANG XIX — VRYDAG, 14 AUGUSTUS 1964 — NR. 10

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

CLAASSEN & GROBLER
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 193
POTCHEFSTROOM
★ MANS-, SPORT- EN KINDERUITRUSTERS

# RHODES WIL EERDER VAN BINNE HERVORM

## KONFERENSIE DALK INSTELLING

**,,Die gasvryheid was van die beste wat ons nog aan enige universiteit ontvang het,'' het Mnr. Roelf du Plessis verlede week verklaar, in verband met die Studenteraadkonferensie te Rhodes, vanaf die 3e tot die 5de Augustus. Dit het dan ook, volgens mnr. Du Plessis, die weg gebaan vir aangename samesprekings. Die konferensie is in 'n stemming van volwassenheid deurgebring en daar is nie hare gekloof oor verskilpunte nie.**

**Die doel van die konferensie was om die verhouding tussen die Afrikaanssprekende en Engelssprekende studente te bevorder. Daarom is begin om probleme van algemene belang te bespreek en dan veral prakties-organisatoriese probleme.**

So is byvoorbeeld bespreek die samestelling van Studenterade, verkiesingstelsels en stemregkwalifikasies, S.R.-finansies, regulasies en tugmaatreëls. Interessant in verband met laasgenoemde is dat daar op bykans alle ander sentra boetes gehef word by oortreding van koshuisreëls wat kan strek tot R8 indien sodanige oortreding dit regverdig.

**Verhouding met universiteitsowerhede was ook van belang, in die besprekings terwyl punte soos studentepublikasies en jole ook aangeraak is.**

### PRINSIPIëLE SAKE

Die volgende punte het hulle wel daartoe geleen vir 'n bespreking van prinsipiële sake: ,,Sabra en ,,South African Institute for Race Relations' ''; die organisasie van die A.S.B. en N.U.S.A.S.; die A.S.B. en N.U.S.A.S.-kongresse asook die samewerking met nie-blanke sentra.

In die bespreking van bogenoemde was dit onvermydelik om ook beginselsake in gedrang te bring. Hier kan met waardering gepraat word, volgens mnr. Du Plessis, van die goeie gesindheid, **,,anders kon die konferensie sy doel gemis het en verdere besprekings verongeluk het.''**

### KONSERWATIEWE ELEMENT

Uit die bespreking het dit geblyk dat Rhodes as die konserwatiewe element in Nusas, hulle ten doel stel om Nusas van binne te hervorm en nie weg te breek nie. Dit het ook geblyk dat Rhodes wel waardering het vir die standpunt van die Afrikaanse student en die A.S.B.

Daar is algemeen gevoel dat sodanige konferensie 'n jaarlikse instelling moet word en dat meer Engelse universiteite betrek moet word. Daar is ook versoek dat die Studenterade van Rhodes en Potchefstroom die volgende konferensie sal organiseer, aldus mnr. Du Plessis.

Die volgende persone het die Puk verteenwoordig: S. J. du Plessis, R. J. P. du Plessis, F. J. van Deventer en A. G. Schutte.



DS. W. DE KLERK

# TREFFENDE REDE GELEWER VOOR KORPS

**,,'n Mens moet die tyd en die wêreld waarin jy leef, ken, anders is jy soos sout wat laf geword het.'' Met hierdie woorde het ds. W. J. de Klerk sy praatjie ingelui op die ledevergadering van Korps V.V. verlede Woensdag aand.**

**Ds. De Klerk het verder voortgegaan deur te wys op die noodsaaklikheid dat die Calvinis, wat geneig is om onnosel te wees met betrekking tot die tydsgees, die tyd goed moet ken want dis die grootste rede waarom hy nie kan deurdring tot die moderne mens nie. Die spreker het vervolgens die volgende tye genoem:**

I. Die Klassieke tyd, dit is tot die 4de eeu.

II. Die Middeleeuse tyd, dit is van die 4de tot 16de eeu waar die Christendom die wêreld as't ware oorheers het. Dit was egter nie 'n ware Christendom nie.

III. Die Moderne tyd, vanaf die Renaissance. 'n Tyd van eie waan en goddeloosheid om die sogenaamde Middeleeusheid af te skud en wat gekenmerk word as 'n tydperk waar die rede die verstand beheers het. Hierdie moderne tyd word ook getipeer deur 'n optimistiese lewensgevoel en -opvatting.

IV. Die Na-moderne tyd, die tyd waarin ons vandag lewe, 'n tyd waarin die oplewing van die Natuurwetenskappe geskied.

Ons tyd, die Na-moderne tydperk het sy wortels in die verlede maar ons beleef die wegsterwe van 'n era en die geboorte van 'n nuwe era wat deur ingrypende veranderinge tot stand gekom het.

### VOORBEELDE

Ds. de Klerk het toe die volgende voorbeelde genoem in verband met die Na-moderne tyd: die tegniek word 'n beheersende mag op byna elke gebied van die lewe; die rewolusie van die ras; die groot mag van die ideologiese politieke; die wegwerping van alle skemas en ook godsdiens d.i. Godsdiens van die Kerk en dan nog ook algehele ontkerking; 'n tyd van doelbewuste aggressie teen die Kerk en die verwerping van tradisies; 'n tyd van groot wêreldlike bewegings en maatskappye; alle isolasies word weggewerp en die tyd dwing ons na die wêreldlike — die eukumeniese strewe waarvan daar gepraat word.

Wat gebeur nou met en in die mens van vandag? Die Na-moderne is onseker en vereensaam, onseker omdat die Tegniek 'n bedreiging word, onseker omdat vandag se oorloë skrikwekkend is vanweë die totale chaos en uitwissing wat hulle inhou. Die klasserewolusie bring ook onsekerheid van bestaan mee en om die kultuur en eie te verloor. Die verwerping van tradisies en ou skemas veroorsaak ook onsekerheid want alles om ons is in beweging en ons het geen houvas meer nie.

Die Na-moderne mens is vereensaam want hy verloor sy individualiteit en hy voel en is werklik net 'n instrument in 'n reusagtige sisteem. Al sy verhoudinge word verbreek en selfs in die Kerk is daar geen broederskap meer—hy is net 'n lidmaatskapnommer. Die hele wêreld is onpersoonlik, neem maar as voorbeeld die mooi verhouding wat daar in die verlede bestaan het tussen die kruidenier, skoenmaker en hulle klante; die ,,Supermark'' het hulle vervang. Selfs in die mens se siekte vervang die spesialis die huisdokter, die goeie ou huisvriend van vroeër. Die mens verloor iets van sy wese: gemeenskap met sy naaste en sy omgewing.

### PELGRIM IN WOESTYN

Spreker sien die Na-moderne mens as 'n pelgrim in die woestyn, verlate, gekwel, gedaan en moeg. Hy kan nie meer helder dink nie en hy verloor in hierdie proses sy God, sy enkelheid, sy vertroue en lewensuitkyk. Die filosofie van die mens is tragies en hopeloos. Sy kuns teken hom as 'n verwonde mens, 'n verwarde mens soos die kuns dan ook tipies is. Selfs die digter het 'n verandering ondergaan

Vervolg op bladsy 3

# INTERVARSITY OP HANDE

**In 'n onderhoud met die dirigente van die Puk het hulle gesê:**

**,,Pukkies! oor een en 'n halwe week breek die groot dag aan — Intervarsity! Dis 'n dag waarna elke Pukkie met groot afwagting uitsien. Soos een man sal ons opruk na Bloemfontein — die vesting van die Kovsies. Maar is ons op alle gebiede slaggereed om die Kovsies te oorweldig?**

Intervarsity-liedjies is 'n groot deel van die aanmoediging vir ons spanne op die veld. Deur goeie samesang word ons deur die publiek gekeur.

Met nog uiters ses singsongs oor, is dit nou ons taak om in massas op te ruk na die sing-songs en die finale afrondingswerk te doen aan liedjies wat dit nog nodig het. Ook moet ons sorg dat diegene van ons wat nog nie die woorde van die liedjies baasgeraak het nie dit nou doen.

As ons gladnie die singsongs bygewoon het nie, is dit nie geregverdig dat ons volgende Vrydagaand op die trein klim nie. Dan gaan ons net

(Vervolg op bladsy drie)



F. VAN DEVENTER

# KUNSGESELSIE

**Die afgelope Kunsfees wat op Potchefstroom gehou is, het veel stof tot nadenke. Dat daar so min Pukke was, is betreurenswaardig. Moontlik kan die gebrek aan belangstelling toegeskryf word aan die feit dat die Puk geen opleiding en afrigting hiertoe verskaf nie.**

Dit sal dan ook tot die verlede behoort want van volgende jaar bied die Puk self 'n kursus in drama aan onder leiding van mnr. Theunis Botha vroeër van N.K.P.

Die talente is volop soos uit die enkele gevalle geblyk het wat op eie inisiatief ingeskryf het. Miskien kan die gebrekkige belangstelling daaraan toegeskryf word dat daar so min tot opwekking en kennisgewing van die Kunsfees self gedoen is. Waar is die mense wat verlede jaar georganiseer het, selfs van kamer tot kamer gegaan het om inskrywings vir die Kunsfees te kry. Aan watter kant lê die fout. — Amateur.

## VISDAM VERNIETIG

Na 'n kort bestaan van net meer as drie maande is die Visdam van Dawie Dup-Noord vernietig op Donderdagoggend 30 Julie deur amptenare van die Tegniese Departement. Die vernietiging het gekom as gevolg van bemoeiing met gereedskap van die Departement die vorige aand deur (tot dusver) onbekende persone. Verslaendheid het by die studente van Noord geheers by die aanskoue van die verwoesting.

## INOUGURELE REDE

Op Vrydagaand 7 Augustus het prof. Van der Walt van die konservatorium sy inougurele rede gelewer in die Totius-saal.

Sy rede het gehandel oor „Universitêre musiekstudie". Hy het dit volgens drie afdelings bespreek:

(i) Historiese oorsig.
(ii) Moderne Musiekwetenskap.
(iii) Universitêre musiekstudie in Suid-Afrika.

## Monica Breedt tree op

Die bekende radiopersoonlikheid, Monica Breedt, het Donderdagaand, 30 Julie, voor die Letterkundige Vereniging van die P.U. vir C.H.O. opgetree met 'n uiters interessante lesing oor die Hoorspel.

Mej. Breedt het die verskille tussen die hoorbeeld en die hoorspel aangestip en daarop gewys dat daar met uitsondering van sekere tegniese aspekte, geen verskil tussen die gewone verhoogdrama en die hoorspel is nie.

Sy het die ontwikkeling van die hoorspel in breë trekke uiteengesit en die gehoor meegevoer met haar raak karakterisering van 'n paar van die beste oorsese en Suid-Afrikaanse hoorspele. Mej. Breedt beskou „Dias" van N.P. van Wyk Louw as die geslaagdste Afrikaanse hoorspel.

Na afloop van die vergadering is mej. Breedt en die lede van die bestuur aan huis van Prof. en mev. Hertzog Venter onthaal.

# THALIA - OPVOERING SPRANKEL

Die groot gevaar in die opvoering van 'n klug is maar altyd dat die stuk maklik oorspeel word; dat die komiese só uitgebuit en laf word dat die hele affêre in 'n burlesk ontaard. Hierdie gevaar het die spelers in **„Die Rooi Lêer"** (Totiussaal, 1 Augustus) **ontglip deur deurgaans** te sorg vir natuurlike aanbieding.



Die karakters was van nature „snaaks" en oor die algemeen het 'n mens hulle komiese eienskappe wat lei tot komiese ontmoetings en situasies baie geniet. Daar was werklik 'n mooi karakterverskeidenheid en elke speler het gesorg dat hy individu bly en tog ook verteenwoordiger word van 'n sekere groep of soort mense met wie die spot gedryf word: kantoorbaas en sekretaresse en hulle tradisionele „stoutighede" (sonder om aanstootlik te word); grootbek wewenaar op soek na 'n groen blaartjie; die arme verstote en ongewaardeerde werk-sesel; die man wat kragtens tradisie erfstuk van 'n beroep geword het; verstokte oujongnooi en verskreeude kantoorbodetjie; tipiese elite-vrou met haar voorliefde vir partytjies: almal saamgesnoer in die oorgeorganiseerde ou staatsdiens. Die groep het ook daarin geslaag om die stuk te laat sprankel. Die spel was lewendig en opgewek, sonder haakplekke en slordighede. Hier en daar het 'n ietsie nog gehinder maar oor die algemeen was dit gawe spel.

Netjiese décor het gesorg vir die nodige afronding.

Ongetwyfeld verdien die gehoor wat die stuk skerpsinnig gevolg het, en elke kwinkslag gesnap en waardeer het, ook 'n pluimpie, maar was dit nou weer werklik vir 'n paar mense nodig om gedurende pouse koeldrankbottels die saal in te dra?

MOENIE KANSE VAT NIE . . .
*Kies*
**FOTOKUNS**
*vir*
**PORTRETTE**
*en*
**GROEPFOTO'S**
MAAK 'N AFSPRAAK —— SKAKEL NET 3185

# ONS UNIVERSITEITS-BIBLIOTEEK (4)

**Die biblioteekkatalogus is die onontbeerlike sleutel tot die boekeversameling en is altyd die beginpunt van enige soektog na boeke in die biblioteek. In die Ferdinand Postma-Biblioteek bestaan die katalogus uit twee gedeeltes.**

Die **ou deel** is nog 'n gevolg van die ramp wat die biblioteek in 1949 getref het toe dit afgebrand het. Om die boeke wat na die brand as geskenke ingestroom het, so vinnig moontlik vir die biblioteekgebruikers beskikbaar te stel, is daar 'n kataloguskaart vir elke boek gemaak en alfabeties volgens die naam van die skrywer onder die betrokke vak ingerangskik. Al die kaarte vir boeke wat bv. op die Aardrykskunderak staan is dus alfabeties in 'n laaitjie onder die hoof „AARDRYKSKUNDE". Die verskillende vakke is ook in alfabetiese volgorde gerangskik.

Hierdie katalogus is egter slegs 'n tydelike maatreël en is ontoereikend omdat dit nie voorsiening maak vir gebruikers wat lektuur oor 'n onderwerp soek of wat die outeur se naam vergeet het en slegs die titel van 'n boek onthou.

Daar is tans reeds ver gevorder met 'n **finale katalogus** wat ook hierdie inligting verskaf en alle nuwe boeke wat ontvang word, word in hierdie katalogus opgeneem.

Elke boek het gewoonlik ten minste drie kaarte in die finale katalogus sodat dit gevind kan word deur onder die **skrywer,** die **titel** of die **onderwerp** te kyk. Hierdie kaarte word op die verskillende plekke waar hulle in die deurlopende alfabetiese orde van die katalogus inpas, ingerangskik.

Die skrywerskaart word beskou as die hoofkaart of hoofopgawe vir 'n boek in die katalogus. Daarop word die volgende aangedui, soos op meegaande afdruk van 'n kataloguskaart blyk: Van en voorname van skrywer, titel, plek waar uitgegee, uitgewer, datum van publikasie, die aantal bladsye en of dit geïllustreer is en of dit bibliografiese verwysings bevat. Verder kom op die kaart 'n sg. standnommer voor, wat ontleen is aan die stelsel waarvolgens die boeke geklassifiseer is, en wat vir die gebruiker aandui waar die boek op die rak gevind kan word. **(Sien outeurskaart).**

Titel- en onderwerpskaarte lyk presies soos die skrywerskaart met slegs die titel (in klein letters) of onderwerp (wat altyd in hoofletters getik word) bokant die naam van die skrywer ingetik. Indien die biblioteek meer as een boek oor 'n onderwerp besit, word al die betrokke onderwerpskaarte alfabeties volgens die naam van die skrywer onder die onderwerpshoof gerangskik.

Omdat dit onmoonlik is om kaarte vir al die sinonieme van 'n onderwerpshoof wat gebruik word, te maak, word verwysingskaarte vanaf die naam vir die onderwerp wat nie gebruik word nie, gemaak na die een wat wel gebruik word. Daar is bv. 'n kaart by die ongebruikte „ANGLO-BOEREOORLOG, 1899-1902" wat so lyk:

**Anglo-Boereoorlog, 1899-1902**
kyk
**Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902.**

Net so word ook verwante onderwerpe geskakel. By die onderwerpshoof ANGS is daar bv. 'n verwysingskaart, wat soos volg lyk:

**ANGS**
Kyk ook
**KWELLING, VREES**

Hierdeur weet die gebruiker dat daar ook nog ander onderwerpinskrywings is, waar hy materiaal sal vind waarin hy mag belangstel.

Die katalogus bevat egter veel meer inligting as wat in hierdie kort artikel bespreek kan word. Leer dit dus ken deur dit te gebruik en roep die hulp van die biblioteekpersoneel in wanneer daar enige probleme met die gebruik daarvan is.

OUTEURSKAART




Die Bruidshoekie
Die winkel vir die Bruid en haar gevolg
TELEFOON 315 KERKSTRAAT 106

„VLEISPASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . ."
Turkstra
TE KRY BY U KAFETERIA

# INTERVARSITY

(Vervolg van bladsy een)

'n skande maak van ons sang op die paviljoen en met toe monde wil ons ook nie daar sit nie.

Aan diegene wat die sing-songs getrou bygewoon het, net 'n woord van dank. Dis lekker om te weet daar is nog Pukkies wat belangstel in ons studentesang. Aan diegene wat bietjie lyf weggesteek het —dis nog nie te laat om u deel by te dra nie.

Kom nou Pukkies — maak van hierdie laaste paar sing-songs iets besonders! Bevorder ons Intervarsity-gees hierdeur en ons het al halfpad die oorwinning in ons hande.

Berei ons, as dirigente, voor vir die groot dag deur gepaste ,,wit" aan ons te skree met die sing-songs' Enige voorstelle i.v.m. liedjies ens., word verwelkom.

Laat ons lekker sing, lekker gees vang en 'n groot Intervarsity hou!"

(Ook van die kant van die redaksie wil ons die Pukke aanmoedig. (Red.)

# GEKUS EN GEKEUR

**En wat het nie alles gedurende die afgelope vakansie plaasgevind nie! Ons A.S.B.-kampvegters het die Liberaliste aan flenters geskiet hier vanuit die Puk-vesting; ons kultuurvrate het kunsfeeshelde uitgedraai; ons sportmanne het manmoedig verloor op die verskillende Inter-universitêre byeenkomste en helaas . . . die proffies het nuwe diaboliese sette en sluwe vangplekke uitgewerk vir die nuwe termyn.**

Maar ag, te midde van al ons opofferende geswoeg en gesweet om „morele herbewapening" kom die Yanks en Franse en slaan 'n halflyf diepe bres in ons kultuurlinies met hulle minikinis —inderdaad „immorele herontwapening".

Hierdie naakte waarheid ruk egter tevergeefs aan ons konserwatiewe ankers en hier word nog steeds, soos in 1869 op Burgersdorp, gesleep, die aktiveringsveldtogte van owerheidsweë tevergeefs.

Ja-nee, op die sleepfront veg die mense liefderyk en bly mooi in pas.

Chris Siebert het morele steun nodig gehad vir sy kliptokkelokstudies en toe hy 21 word, het hy naarstiglik op soek geraak. Sy reuse vangs was **Berna Nel.** Hy beweer dat geen tieroog soos daardie twee oë lyk nie.

**OP'T HOEK GEWILD**

Die skerms in Oosterhof se sleeplokaal het baie daartoe bygedra om ou kyste te laat herleef. Daarvan kan **Elsa Badenhorst** en **Johan Botha** deeglik getuig.

En agter daardie selfde skerms het ook **Marijke Rautenbach** en **Gawie Yssel** weer in Kupido se pad gekom.

„Gogga maak vir baba bang," het **Cecilia Mienie** verskrik gesê toe **Hans van Zyl** haar hand wou vashou. Die ervaring het egter in Hans se guns getel, en siedaar. (Wat van die F.M.-toring).

Oosterhof bly maar steeds 'n gesogte hengelplek, vanweë die aantreklike skool bakvissies daar. Die jongste wat weerloos aan die hoeke pluk, is **Franie du Plessis** en die visterman **Johan Fourie.** Hengelaars word selfs van Pote af gelok, want **Annatjie de Beer** het gebyt aan **Felix Joubert** se aas.

Hoewel **Isabel le Roux** en **Kobus Marais** mekaar lank reeds ken, begin hulle bewegings op die campus nou eers prominent raak.

Hoe jammer tog van die mense wat so 'n eensame stryd voer vandat hulle minnaars nie meer in die omgewing verkeer nie. **Dina van der Walt** is nie verniet so bleek soos die spook van die Bib nie — **Nico Wilson** se afwesigheid. Ook daarom dat **Mart Botha** se hart so 'n ellelange punt na haar **Antonie** toe trek op Vanderbijlpark.

En dan bied die Puk met trots aan die groot miniatuurpaar: **Maryna Jacobs** en **Riem Marais.**

**VERLOWINGS**

Hier is ook die name van hulle wat ernstig raak: **Reha Malan** en **Thys Cilliers** het besluit dat verloof ringkoop is en vandaar die blink klippie aan Retha se vinger.

Ook **Rina du Plessis** en **Jan Drent** het 'n jarelange verhouding met 'n ring verseël. 'n Korter verhouding wat ook met 'n ring bekragtig is, is die van **Annatjie Venter** en **Japie Verhoef.** Aan julle almal, baie geluk en voorspoed.

L.W. Geen onthullings hoegenaamd sal oor die ultra eksklusiewe afgelope Thalia-toer gedoen word nie, behalwe dat daar verwikkelinge kon ontstaan het. Bevestigings sal later volg.

„Sal jy my liefhê van nou af aan?"
„Ek sal jou liefhê tot die wêreld vergaan".

—Uys Krige

En toe ruk die ontploffing van die eerste atoombom die bodem donderend gevolg deur drie waterstofbomme. Toe was alles verby.

. . . Dis al.

STRAM STOFFEL

# Treffende rede

Vervolg van bladsy 1

want hy word 'n doemprofeet en hy is ru en rou.

Die mens neem sy toevlug tot die massa en die sensasionele of kom in opstand teen gesag. Hy hardloop weg vir die lewe en daarom vlug hy aanhoudend. Vandag is die mens ook pessimisties en hy twyfel aan alles, hy is ru, skokkend en wil alles oopvlek.

**WEERSTAND BIED**

Iets van hierdie mens is ook in ons harte en wat moet ons doen teenoor hierdie mens? 'n Mens moet jouself bewaar van besmetting van die tydsgees en weerstand daarteen bied. Hou vas aan jou beginsels en lewens- en wêreldbeskouing en stel jou waardes hoog en diep. Ons moet die tyd oorwin met ons fokus op God.

Wat moet die Kerk doen aan hierdie mens? Die Kerk moet konkreet preek en warm, begripvol en simpatiek luister. Die Kerk moet homself stroop van Fariseërisme en hooghartigheid en gemeenskappe vorm. Ons moet afleer om verwyderig te wees, ons moet langs die Na-moderne mens gaan staan, manlik en realisties en alle vernaamheid en beterweterigheid opsy skuif en op die man af praat. 'n Mens moet hom nie eers slaan en dan met hom probeer praat nie, maar eers praat en dan klap want anders gaan hy soos 'n skulp toe. **Jy moet doen wat jy sê en nie net praat nie.** Stel hom in die sekerheid van God want jy moet hom leer om God weer te vertrou omdat hy dink dat God 'n tiran is. In hierdie verband is oorreding dan ook belangriker as om te sê jy moet nie, dit maak die mens net meer sku of aggressief.

**EEN OPLOSSING**

Ds. De Klerk het sy toespraak afgesluit deur te sê dat daar vir ons vandag net een oplossing is om die mens weer opgerig te kry: Jesus Christus as die enigste Weg, Waarheid en Lewe.

# „VIVE LA THALIA!"

**Die 1964-Thalia-toer is iets van die verlede, maar nie van die vergetelheid nie — kan dit ook nooit word nie. Noudat alles verby is, kan mens met dank terugkyk na daardie geslaagde onderneming. Verskeie persone verdien opregte dank vir hulle aandeel in die sukses daarvan.**

Daar is o.a. ons reismoeder, mev. De Beer, wat ons met al die verdraagsaamheid en vriendelikheid behandel het waaroor sy beskik. Sy het ons so goed verstaan — 'n groot Ma inderdaad.

Ons toerleier was altyd klein in die grote. Reinie Monster was beslis dié persoon op toer — langafstandatleet, hanswors, maar ook 'n besliste leier. Met so 'n stuurman kan 'n skip maar net glad vaar. (Ja, ons was by die see ook!)

Die toerbestuur verdien ook dank vir hulle ondernemingsgees en optrede. Met sulke mense aan die spits van 'n onderneming, kan aan die resultate nie getwyfel word nie.

Die busbestuurders (en papwielherstellers!) het die groot verantwoordelikheid waarmee hulle opgesaal was, so goed gedra as wat maar enigsins verwag kon word.

Ons kan ook nie vergeet die plaaslike organiseerder nie, ons talle goeie „landlords en -ladies", en verskillende organiseerders in hulle afwesigheid en ook ons regisseur, mnr. Malan. Van hulle het so baie afgehang en ons is nie teleurgestel nie.

En les bes, die ou klomp „plebs!" Julle was voorwaar 'n klomp groot mense. Elkeen 'n interessantheid op homself. Dit was aangenaam om een van julle te kon wees.

Aan u almal, baie opreg, baie dankie. Dank vir 'n gesonde gees waarin ons kon saam toer, vir die talle oorspronklikhede, vir u elkeen se onmisbare bydrae tot die sukses van die toer. Ek hoop die toer was vir u net so 'n onvergeetlike ondervinding soos vir my.

As die 1964-Thalia-toer 'n groot ondervinding was, dan was dit nog 'n groter voorreg om lid te wees van daardie toergroep.

Baie dankie,

P. S. STEYN.

# A.S.B.-SKINDERNUUS

Die laaste week van die vakansie, was die campus van die Puk omtrent kleurvol met die groot verskeidenheid van kleurbaadjies tydens die A.S.B. Skandale was daar natuurlik ook weer aan die orde van die dag.

Barenda het haar ,,eerstejaars"-flikkers met uitstekende resultate gewerp en vir Hans van die Maties 'n deeglike strop om die nek geslinger. Dit wou voorkom asof dit dalk meer as net blote vriendskap kan wees, of hoe?

Frikkie Erasmus het sy ,tall, dark and handsome'-identiet weer met groot welslae aangewend. Sy vangs is dan ook 'n Asbokaster van N.K.P. by name Ria Scheepers. Ons wag in spanning op 'n kys vanuit hulle rigting, aangesien hulle allerweë as die ideale paartjie op die A.S.B. bestempel is.

Dok Briers en ,,Kampies" het gesamentlik 'n ,,date" gehad met een van die N.K.P.-dames. Albei het gesamentlik 'n uur op haar gewag. Simpatie, want sy was glo al 'n uur vantevore in die inry saam met 'n derde; onbekend natuurlik vir die ander twee.

Dewald Steyn was ook weer baie bedrywig met sy flikkers. Ongelukkig is dit nie bekend of hy suksesvol was nie.

So het 'n aangename week verbygesnel. Nuwe vriendskapsbande, asook liefdesbande (waarvan sommige blybaar blywend) is gesmee. Daar kleef sommer baie soete herinneringe aan die A.S.B.-week.

# Speel versoeke

Die Diskoteekkomitee het nou besluit om aan die Studentemassa die geleentheid te gee om die plate te hoor wat hulle graag verkies. Sondagaande sal versoeke gespeel word sonder boodskappe, maar in die weeksaande ook met boodskappe. Persone wat belang stel, kan die versoeke in die bussie van die Diskoteek gooi en dit sal dan so gou as moontlik gedoen word. Die Komitee behou hom egter die reg voor van sensorskap.

# Vindingryk vir sleep

Die meubels waarvoor so hard geld ingesamel is, het gearriveer en die sitkamer van Ons Huis sien nou sommer spoggerig daar uit. Na verneem word, het die dames en hulle slepe ook nie op mekaar laat wag nie, en hulle val letterlik saans oormekaar om daar te sleep.


BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE

TRANSVALIA MEUBELS

Tel. 2157 Kerkstraat 180

POTCHEFSTROOM

„ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE"


# ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS


BIERMANSKAP!

LION LAGER

LEEUPLESIER!

VZ004804/a

**PAN COETZEE**

*Mans- en Sport-Uitrusters*

TEL. 899

POTCHEFSTROOM

★

P.U.-KLEURE

MANS- EN -SPORT-UITRUSTERS



**PARKSIG**

**EIENDOMSAGENTSKAP**

- ★ HUISE
- ★ PLASE
- ★ PLOTTE
- ★ BESIGHEDE
- ★ STANDPLASE

*Vir 'n eerlike transaksie sien of bel*

1486 ——— Na-ure 2054

(Eienaar: G. Schoonhoven)



**DIE BULT APTEEK**

TOMSTRAAT 88b en 88c

*KOM*

*KYK NA*

*ONS . . .*

*N-U-W-E*

*PERSEEL!*

*ONDERSTEUN OUD-PUKKE*



**Die Bruidshoekie**

Die winkel vir alle

**BRUIDSUITRUSTING**

en haar gevolg volgens

*eie ontwerp en keuse*

Trourokke, Strooimeisie- en Blommemeisierokke

*Kunsruikers, Hooftooisels Sambreeltjies ens.*

FOON 3151

Kerkstr. 106 — Foon 3151

POTCHEFSTROOM



**Joubert Fietswinkel & Elektriese Dienste**

*Vir Dameshakkies en kleur van skoene.*

NOU VERSKUIF NA OU POSKANTOOR-GEBOU



*RUIKERS VIR ALLE GELEENTHEDE*

**BOUQUET**

**BLOEMISTE**

Johan Dreyer-gebou Tel. 2002

POTCHEFSTROOM



# *Die Wapad*

VRYDAG, 14 AUGUSTUS 1964


# DIE KONGRES EN LIBERALISME

**Die hooftema van die afgelope A.S.B.-kongres was liberalisme. Dit is 'n daadwerklike probleem in ons huidige S.A. samelewing. Wat egter baie verblydend was, was die feit dat die kongres daarin geslaag het om die ,,pro" aspek van sy standpunt te beklemtoon. Liberalisme moet daadwerklik bestry word, dit help nie as 'n organisasie bv. net gebaseer is op 'n ,,anti iets" nie, of dit ookal liberalisme of kommunisme is. Elke mens en organisasie wat daarteen standpunt inneem, moet positief in sy optrede wees en nie negatief nie.**

Die bestaansrede van die A.S.B. is nie bekamping van N.U.S.A.S. of van liberalisme nie, maar die handhawing, versterking en uitlewing van die Afrikanerstudent se Christelik-Nasionale beginsels. Die A.S.B. beskik ook oor rotsvaste beginsels en sal ook a.g.v. sy beginsels liberalisme en aanverwante ideologieë verafsku. As die A.S.B. hierdie beginsel versaak sal hy beslis nie staande bly nie. Op die pas afgelope kongres het die klem tereg op hierdie beginsel as uitgangspunt geval van die hele A.S.B.-beleid. Daarom spreek hierdie positiewe beginsel so sterk as negatiewe antwoord op die liberalisme of die kommunisme wat steeds probeer om die moraal, volksgewoontes en ons godsdiens, aan te tas.

In aansluting hierby wil ek net graag aan die volgende versoek voldoen: Tydens die Julie-vakansie het ek in aanraking gekom met die Adjudant van Polisie te Kroonstad. Ons het 'n heel interessante gesprek oor die Universiteit, ons beginsels en verhouding met Nusas gevoer. Hy het my vriendelik versoek om ,,aan ons jongmense te stel dat ons moet waak teen alle invloede van buite. Alles wat oppervlakkig, laag en vulgêr is werk verkeerde dinge in die hand. Julle is die toekoms van ons land," het hy gesê. Ook moet ons teen die liberalisme en kommunisme waak. Ek het hom vertel van die besluit wat die massa geneem het ten opsigte van Nusas; hieroor was hy baie bly en met 'n laaste woord van waarskuwing t.o.v. die kommunisme is ons uiteen.

# Stigting van Vereniging van belang

Elders in ,,Die Wapad" verskyn 'n berig i.v.m. 'n stigting van ,,Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Christelike Wetenskap". Vir die algemene student sal hierdie stigting nie veel betekenis inhou nie. Ons wil net wys op 'n paar besondere aspekte van die stigting.

In die hele wêreld is daar slegs 'n paar instansies wat Christelike Hoër Onderwys aanbied. In Suid-Afrika is dit slegs die P.U. vir C.H.O. Ander inrigtings bestudeer die wetenskappe meestal ,,Neutraal".

Dit is reeds met hierdie ,,neutraliteit" in gedagte dat die voorgenome stigting van belang is, veral omdat daar 'n landswye belangstelling heers, ook vanaf die kant van ander universitieite in die land.

Dit is ook van besondere belang om te let dat die stigting kom in 'n tyd waar daar heelwat gekonfereer word i.v.m. Kommunisme. Ons kan aanneem dat daar meer en meer mense tot die besef kom dat daar alleenlik twee moontlike rigtings van bestudering moontlik is, naamlik vir of teen Christus.

Ons as studerende ,,Wetenskaplikes" het 'n plig om te vervul. Ons kry 'n Protestants-Christelike agtergrond en bestudeer die wetenskappe nie neutraal nie. Daarom moet ons kennis neem van die stigting en bereid wees om ons steun daaraan te gee.

Dit is vir die redaksie van ,,Die Wapad" 'n besondere genoë om Prof. Dr. Stoker, Prof. Dr. Taljaard en die res van die bestuur hartlik geluk te wens met wat hulle al reeds vermag het. Ons wens hulle voorspoed toe vir 'n suksesvolle stigting.


# REDAKSIE

**Hoofredakteur: Hennie Viljoen — Tel. X09.**
**Assistenthoofredakteur: Gert de Ru — Tel. X096.**
**Tegnieseredakteur: Danie van Wyk — Tel. X041.**
**Nuusredakteur: Gert Krüger — Tel. X09.**
**Sportredakteurs: Reinie Monster — Tel. X09.**
**Danie van Wyk — Tel. X041.**
**Varia: Paul Steyn — Tel. X041.**
**Adri Griffioen — Tel. X044.**
**Kunsredaktrise: Wilna Krüger — Tel. X044.**
**Interuniversitêr: Hannes van der Walt. — X068.**


# In U Lig

## Swak, maar tog sterk

**2 Kol. 12: : 10: ,,Want as ek swak is dan is ek sterk".**

By alle mense is 'n vertoning van krag iets besonders. Alle indrukwekkende dinge is vir ons mooi, en dit word selfs by ons strewe en 'n behoefte om belangrik te wees. Hoe meer eer en bewondering ek kan afdwing, hoe beter is dit. My kanse op sukses in die lewe hang af van my wetenskaplike vertoon, my gespierde liggaam, my imposante figuur of persoonlikheid.

Maar nou sê die apostel Paulus hier: ,,As ek swak is, dan is ek sterk".

Paulus was van nature 'n kragmens — ek bedoel in geestelike sin. Met vasberadenheid en ywer het hy sy wil deurgevoer. So sien ons hom voor sy bekering as yweraar van die wet. Tot in die fynste besonderhede kom hy die wet na. Een van die mees getrouste en ywerigste Fariseërs.

Maar dan werp God hom neer op die pad na Damaskus, en ontwapen hom van alle mag en eiewilligheid. Hy leer nou om te vra: ,,Here wat wil u hê moet ek doen".

Hy strompel Damaskus binne as blinde. Weg is al die grootdoenerigheid, al die eie waan, al die krag. Let dan ook op Paulus se vlug uit Damaskus — nie juis indurkwekkend nie, dit getuig nie van 'n kragdadige optrede nie. Maar so begin die weg van God met Paulus — klein en swak en nietig. Nou leer Paulus dat God 'n behae het in die dinge wat vir die oë van die mens klein en swak is.

Paulus was ook gepla met siektes en hindernisse. Hy bid ook om daarvan bevry te word, maar dit gebeur nie. Wel gebeur daar iets anders veel mooier en beter. God sê aan Paulus: ,,My genade is vir jou genoeg, want My krag word in swakheid volbring."

As studente leef ons ook veral in 'n gemeenskap waar eie eer en aansien geweldig baie tel. Laat ons dan insien soos Paulus dat ons eie krag niks kan vermag nie.

Laat die woorde van Paulus hier 'n besondere troos wees tot almal wat hulleself klein en gering voel — want dit dien as vertroosting. God wil ook in swakheid sy krag volbring.

Maar laat hierdie woorde ook dien as ernstige vermaning tot die wat hulleself as sterk beskou. As ons ons sonde en swakheid bely sal daar ook van ons gesê kan word:

,,Die wat swak is, is sterk,

My genade is vir julle genoeg".

(Wapad 7.6.1963)

# VOEL VERONREG OOR VISDAM

**Waarde Heer,**

**Soos u seker self wel deeglik bewus is, het u koerant gedurende die afgelope tyd die verwikkelings met betrekking tot die visdam van Noord belangstellend gevolg. Tot ons spyt moet ons egter nou bekend maak dat die dam nie meer is nie. Ons voel dit alleen ons plig om dit aan die wêreld bekend te stel.**

Die omstandighede van die verwoesting is seker ook aan u en u lesers welbekend en daar is geen sin in om enigsins verder hierop in te gaan nie. Ons wil dit egter baie duidelik stel dat die inwoners van hierdie koshuis met die aanleidende oorsake van die vernietiging van die dam niks te doen gehad het nie. Des te meer voel ons veronreg oor hierdie daad wat ons koshuis aangedoen is.

Ten slotte kan ons u net nogmaals bedank vir u belangstelling in die oprigting en die inwyding van ons dam, ook aan inwoners van ander koshuise wat groot belangstelling getoon het.

Baie dankie,

Inwoners van Dawie Du Plessis-Huis Noord




*Dit is die snit wat tel . . .*

- ★ Alba Broeke
- ★ Mentone Pakke
- ★ Monatic Hemde
- ★ Battersby Hoede
- ★ Gregory Sokkies

**J. Tod Suttie**

*Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars*

POTCHEFSTROOM

Posbus 219 — Tel. 1

# Sestiende Bondskongres suksesvol

**Die sestiende Bondskongres van die A.S.B. is van Maandag, 20 Julie tot Vrydag, 24 Julie op Potchefstroom gehou.**

Die Universiteite van Stellenbosch, Bloemfontein, Potchefstroom, Pretoria en Onderwyserskolleges van Bloemfontein, Potchefstroom, Johannesburg, Heidelberg en Pretoria het afvaardigings na hierdie kongres gestuur. Die NUSAS-ondersteunende J.C.E. (Johannesburg College of Education) het op uitnodiging van die A.S.B.-hoofbestuur ook aan die kongres deelgeneem.

### HOOFTEMA

Die geslaagdheid van die kongres is bepaal deur die onderwerp ,,liberalisme'', wat die hooftema van die kongres was, wat vanuit twee kante onder die soeklig geplaas is, naamlik gesien van die kant van die A.S.B. en van NUSAS. Bekeringswerk is ook aangepak deur dr. Tjaart van der Walt in sy toespraak oor liberalisme waarin hy gesê het dat daar wel 'n aanrakingspunt is tussen die Afrikaans- en Engelstalige student en waar aanraking is, is samesprekings moontlik. Sy stelling dat ,,liberalisme nie kommunisme is nie, maar wel 'n brug na kommunisme is'' is nie deur die J.C.E.-afvaardiging betwis nie.

As gassprekers by die sestiende Bondskongres het mnr. A. M. van Schoor (redakteur van die Vaderland), dr. Piet Koornhof (sekretaris van die Broederbond) en dr. Tjaart van der Walt opgetree.

### NUWE HOOFBESTUUR

Mnr. Paul de Beer (U.P.) en mnr. Koos van Rooyen (U.V.) is tydens hierdie kongres as president en onderpresident van die nuwe A.S.B. hoofbestuur gekies. Ander lede van die hoofbestuur is mnre. Boy Geldenhuys, sekr. (U.S.), Danie du Toit (U.S.), Mike Eksteen (U.V.), Kobie van der Walt (P.U.), Fanie du Plessis (P.U.), Lex Antonites (U.P.) en Lucas Swart (U.P.).

# Mosies uit die A.S.B.-Kongres

Donderdagaand: ,,Dat die kongres op hierdie stadium die vertroue uitspreek dat 'n mosie van ,,goeie middag'' binnekort op die res van die hoofbestuurslede aanvaar sal kan word.''

,,Dat die kongres die span van die Suide felisiteer met hulle oorwinning oor die Noorde, te meer omdat dit die eerste keer in 16 jaar is wat hulle dit kon regkry.''

Die A.S.B.-toer beloof en is altyd 'n vrugbare toer. Nouer kontak is tydens die kongresweek deur **Paul de Beer,** toerleier, met **Hendrien Venter** gesoek.

Mosie: ,,Dat die direkteur van kulturele aangeleenthede versoek word om 'n aantal wit hoenders tot beskikking van die kongres te stel, indien moontlik op feministiese eksistensialistiese wyse.''

**Betsie van den Berg** praat van 'n vrugbare K.J.V.-kamp saam met **Adolf Ellis.**

# HANDBOEKWYSHEDE

1. President van die A.S.B.: Baas Buys; ds. Dasendol; Piet Koornhof;
2. D. A. S. Herbst het in Duitsland gestudeer;
3. Die lede van die A.S.B.: Anton Roodt en Gerhard Schutte; of ('n ander): Lede van die S.R.
4. Die Beleidsraad het die meeste A.S.B.-presidente opgelewer.
5. Die hoofbestuur van die A.S.B. word in die lente gekies .
6. Paul Steyn is 'n Springbok en ook die president van die S.S.B. Die ander Springbokke: Elrene van Deemter en Pietman Botha.
7. ,,Veritas Vincet'' beteken: ,,In U Lig'' of Christelik Nasionaal.
8. Hier is ook 'n JukskY klub op die Puk.
9. ,,Artificia'' was die eerste spesifiek-kulturele vereniging.
10. Die belangrikste bydrae van die studente tot die Tweede Vryheidsoorlog was om hul beginsels uit te dra.
11. Die Universiteitskleure: oranje met geel en wit strepe.
12. 'n Vereiste vir die individuele student: Hy moet 'n goeie student wees.
13. Die sportterrein is na Johannes van der Walt vernoem. Hy was 'n dosent op die Puk.
14. PANSO — Potchefstroomse Afrikaanse Nasionale Studente-organisasie.
15. Gewetensklousule: Geen lektor of professor het die reg om eksamenvraestelle op te stel of na te sien nie.

# NUWE BIBLIOTEEK-URE

**Die biblioteek sal in die toekoms soos volg vir gebruikers beskikbaar wees:**

**WEEKSDAE:**
**8.00 vm. — 1.00 nm.**
**2.00 nm. — 5.30 nm.**
**7.00 nm. — 10.00 nm.**

**SATERDAE:**
**8.00 vm. — 12.30 nm.**

# Thalia-toer suksesvol

**Weer eens het die Thalia-Toneelvereniging baanbrekerswerk verrig met hulle toer deur die Vrystaat, Noord-Kaap en Boland. Die toer het besonder goed verloop en het die opvoering van Die Rooi Lêer orals baie goeie kritiek uitgelok.**

Alhoewel daar 'n redelike finansiële wins is, is dit nie so hoog soos vorige jare nie, aangesien die onkoste verbonde aan hierdie toer hoër was as in die verlede. Op al die dorpe was bv. nie gratis losies beskikbaar nie. Daar is egter R1900 geïn waarvan ongeveer R1500 onkoste was.

Wat die bekendstelling van ons Universiteit in die vreemde betref is groot werk met hierdie toer verrig. Die naam van die Universiteit het bv. vir twee weke lank in neonligte gepryk langs die snelweg na die Kaap. Duisende oningeligdes moes dit gesien het.

Soos reeds genoem, het die stuk goeie kritiek uitgelok aangesien die betrokke spelers besonder goed in hulle rolle gepas het.

Die laaste opvoering op die Puk is baie goed ondersteun deur die studente en het die gehoor dit besonder geniet.

# Nuwe stigting in vooruitsig

**,,Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Christelike Wetenskap'' hou 'n stigtingskongres te Pretoria op die 4de en 5de van volgende maand, aldus 'n verklaring uitgereik deur die Voorsitter, Prof. Dr. H. G. Stoker en die Sekretaris, Prof. Dr. J. A. L. Taljaard, beide verbonde aan die departement Wysbegeerte van die P.U. vir C.H.O.**

**'n Landswye kongres word beoog en die te stigte Vereniging stel dit duidelik dat hulle so veel as moontlik persone nooi om na Pretoria te gaan. Ook die wat nie kan gaan nie, moet, volgens die Sekretaris, van hulle laat weet.**

**Die vereniging sal op 'n Protestans-Christelike, gegrond op die Bybel as die onfeilbaar - geïnspireerde Woord van God in sy geheel en al sy dele, gegrond wees en hulle doel sal wees, die beoefening en uitbouing van die wetenskappe in die lig van Gods Woord.**

**Volgens die Sekretaris kan verdere besonderhede verkry word van hom, per adres die P.U. vir C.H.O., Potchefstroom.**

# NUWE PRESIDENT

André du Preez is vir die derde agtereenvolgende keer tot president van die Suid-Afrikaanse Apteker Studente-Federasie gekies. Hierdie jaarvergadering is in Port Elizabeth van 5 tot 12 Julie gehou.

Sewe Afgevaardigdes van die Potchefstroomse Apteker Studente Vereniging (PASV) het die jaarvergadering in Port Elizabeth bygewoon. Hiertydens is Theo Vorster verkies tot uitvoerende komiteelid terwyl André Combrinck, Laurence du Plessis en André Barnard op verskillende subkomitees verkies is. Prof. K. W. Gerritsma is tot erelid van die liggaam verkies.

Mej. Nanette de Villiers en mnr. Hans Boer van die PASV het ook die jaarvergadering bygewoon.

# UIT DIE KONGRES

**,,Die Engelstalige pers is een van die grootste bydraende faktore tot die wanbegrippe wat oor die Afrikaner en sy beskouings bestaan,'' het mnr. Anton Roodt tydens die Dinsdagaandsitting van die A.S.B.-kongres verklaar na aanleiding van 'n bespreking wat deur mnr. Marx, waarnemer van die NUSAS-ondersteunende J.C.E. (Johannesburg College of Education) uitgelok is.**

,,Van die Engelstalige koerante is die grootste eksponente van liberalisme in Suid-Afrika. Hierdie standpunt wil hulle ten alle koste aan die Afrikaner verkoop.''

,,Statistieke bewys dat meer Afrikaanssprekendes die Engelstalige koerante lees. Hiervan is die koerante wel deeglik bewus en daarom probeer hulle alles in hulle vermoë doen om alles wat eie en behoudend vir die Afrikaner is, onder verdenking te bring by die Afrikaner sowel as die Engelssprekende.''

Mnr. Roodt het voorts verklaar dat ,,die Afrikaner dikwels as eng en bekrompe beskryf word. Die feit dat die Afrikaner egter baie meer Engelstalige koerante lees as sy mede landgenoot, weerlê hierdie standpunt geheel en al. Sodra enige persoon sou verwys na hierdie doelbewuste verdraaiing wat die Afrikaner is en voor staan, word hulle beswadder as Fasciste en voorstanders van 'n polisiestaat.''


**FLEURETTE BLOEMISTE**

Sleep in by Fleurette

*VIR JULLE BLOMME — SPESIALE AFSLAG*

KERKSTR. 143 TEL. 709






Elke Sigaret 'n Meesterstuk

IN SUID-AFRIKA VERVAARDIG

VKFA 102

# DAMESHOKKIE VAAR SWAK

**Hoewel die P.U.-dameshokkiespan nie daarin kon slaag om een wedstryd op die onlangse Inter-universitêre toernooi te wen nie, was hulle gees en entoesiasme van die veld af gesond en lewendig. Deur goeie sportmangees te openbaar en alles terdeë te geniet, sal altyd 'n kenmerk wees van die 1964-toernooi.**

Die Puk-dames moes sonder die dienste en leiding van hulle kapteine, Este Martins, klaarkom, aangesien sy Wes-Transvaal op die Interprovinsiale toernooi verteenwoordig het. Dit was 'n gevoelige verlies aangesien die span toe baie van sy hegtheid en samespel verloor het. Daarbenewens is verskeie nuwelinge in die span opgeneem sodat daar van nuuts af verstandhoudings opgebou moes word.

### NET TE GOED

Daar moet egter hiervan melding gemaak word dat die dames altyd gepoog het om goeie en aangename hokkie te speel, maar dat die ander spanne eenvoudig net te goed vir die Pukke gespeel het. Dames wie se name hier vermelding verdien, is mejj. Susie Swanepoel en Laura Benade, wat goeie werk vir hulle span gedoen het.

Sewe wedstryde is gespeel waarvan nie een gewen is nie, terwyl die beste vertonings teen Maties en Natal gelewer is. In meeste gevalle was die hoë tellings teen die Puk nie getroue weergawes van die spel nie, aangesien dit lyk of dit soms 'n eensydige stryd was, wat inderdaad nie die geval was nie.

### GOEIE GESINDHEID

'n Uitstaande kenmerk van die hele toernooi was die goeie gesindheid wat daar onder die spelers van die verskillende universiteite geheers het, en hiervoor moet die Universiteit van Pretoria gelukgewens word met hul puik reëlings.

Volgende jaar word daar van meet af 'n nuwe span opgebou, met die ideaal om weer die toernooi te wen soos wat in 1960 die geval was.

# GHOLFTOERNOOI WAS BESONDER GESLAAGD

**Vanjaar het die P.U. as gasheer by die jaarlikse gholftoernooi opgetree. Reëlings is getref vir die losies en alle deelnemers is in twee van die Universiteitskoshuise geplaas, te wete Heimat en Uitspan.**

Aan die einde van die Toernooi het die Puk-span die vierde plek ingeneem. Die feit dat die span 4e geëindig het uit 11 spanne verteenwoordigend van al die verskillende Universiteite, spreek boekdele van die hoë gehalte gholf wat daar op die Toernooi gespeel is deur die Puk-span. Kaptein Des Brown het sy span goed gelei en manne soos Arthur Schoeman, Mac Oosthuizen, Reg Miller, John Jarvis, I. Kirsch en J. A. Henning, het almal stewig vertoon.

### OPWINDENDE WEDSTRYD

Die mees opwindende wedstryd was dié een teen die Natalse A-span. Met nog net een wedstryd oor, was die telling gelykop en na 18 putjies was ook die twee spelers gelykop. Dus moes hierdie twee spelers aanspeel totdat een van hulle 'n putjie sou wen („sudden death"). Met spanning en opwinding het die twee spelers tot die 22ste putjie nog kop aan kop geloop. Maar Arthur Schoeman het nie op hom laat wag nie en op die 23ste putjie het hy 'n pragtige voëltjie 3 aangeteken om die wedstryd in sy guns te beklink. Hiermee het die Pukke daarin geslaag om die sterk Natal A-span met die kous oor die kop huistoe te stuur.

AJAX
Boeke en Skryfbehoeftes (Edms.) Bpk.
Telefoon 3458 — Posbus 43
Kerkstr. 159, Potchefstroom

LA VOGUE
*Die Besigheid van Kwaliteit*
Tel. 440 — Potchefstroom

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
TOMSTRAAT 92 TELEFOON 1389
POTCHEFSTROOM
★
Mooi Wintermateriaal
★
Nomotta-wol in Voorraad

## Toerspan vaar swak

(Vervolg van bl. 7)

oorrompel het.

Die aanvanklike terugslae wat die span ondervind het, kan veral toegeskryf word aan die groot aantal ongelukkige beserings wat die spelers vroeg op toer opgedoen het en aan die feit dat die span nie oor 'n betroubare stelskopper beskik het nie (Spekkies het makeer). Hannes Visser se skouer het byvoorbeeld reeds voordat enige wedstryde afgespeel is uit potjie gespring toe hy 'n treindeur oopgemaak het. Faan van Tonder het drie wedstryde met 'n gekraakte armpyp gespeel en Dave Tromp, Dries Redelinghuys, Harry Meadon, Jan Kruger, Bertie Raman en Piet Venter moes ook meer as een wedstryd met geen geringe beserings op die veld stelling ingeneem het.

Die belangstelling vir rugby in die Verre Noord-Transvaal (seshonderd myl vir 'n ligawedstryd is niks ongewoons nie!) en die verbasend hoë gehalte rugby was vir die Pukke 'n openbaring. Daarbenewens was daar vir die toerspan geen uitsondering op die reël dat tuisspanne nie graag teen 'n toerspan wil verloor nie. Pietersburg het byvoorbeeld hulle spelers uit die Subunie-span onttrek net om teen die Puk te kon speel. Die toeskouers was lojaal teenoor hulle spanne en die administrateurs van die spel doelgerig veral aangesien die Verre Noorde hom vir 'n selfstandige span van provinsiale status beywer.

### VOORTREFLIKE SPEL

Byna al die spelers het hulleself oortref. Danie van Wyk en Dave Tromp moet egter uitgesonder word vir hulle voortreflike spel. Danie van Wyk het reusewerk in die agterlyn gedoen en agt drieë op die toer behaal terwyl Dave Tromp so uitmuntend in die lynstane gevaar het dat hy as die prins van lystaanmanne bestempel is wat vanjaar in Noord-Transvaal in aksie gesien is. Sy gelyke is nie op die toer teëgekom nie en daar was baie hoog aangeskrewe slotte teen wie hy gespeel het, soos die broers De Beer op Potgietersrus wat vir Springbok Frik du Preez harde bene laat kou het. Boeboe Venter en Coert van der Merwe staan bo-aan die lys spelers wie se spel op die toer verbeter het. Hulle kan nog diep spore in die Puk se rugby trap.

## Noord en Dorp finaliste

Deur beslissend met alle teenstand dusver af te reken, het beide Dorp en Dawie-Dup-Noord deurgedring tot die finale rondte om die Koshuisligabeker in die huidige uitklopreeks voetbalwedstryde. Hierdie twee spanne het teen mekaar te staan gekom op Woensdagmiddag op 5 Augustus. Die botsing is deur Dorp gewen met 'n telling van 6-3. Dorp het die wedstryd in hulle guns beklink met die swaarder stel voorspelers, wat die grondslag vir hulle oorwinning gelê het. Bowendien moes Noord feitlik die hele eerste helfte sonder hulle kaptein en agtsteman, Blackie Vorster, klaarkom a.g.v. 'n mond- en nekbesering.

# S.A. UNIVERSITEITE JUDOKAMPIOENSKAPPE

**In die tweede week van die vakansie het tien Pukke deelgeneem aan die universiteite judokampioenskappe in Durban waar al die 8 S.A. universiteite teenwoordig was.**

Hoewel die Puk een van die jongste toevoegings tot hierdie kampioenskappe is, het hulle besonder goed gevaar maar dit het tog baie keer deurgeskemer dat die judokas beter sou vaar met 'n bietjie meer ondervinding. Wat die puntestand betref het P.U. vierde geëindig terwyl U.P. gewen het. Die Pukmanne het hulle deurgaans goed van hulle taak gekwyt hoewel hulle oor die algemeen teen baie swaarder teenstanders moes veg.

### MOOI OORWINNINGS

In die eerstespanafdeling het Maarten Roode, wat die ligste in sy afdeling was, twee mooi oorwinnings teen baie ervare teenstanders behaal en in 'n ander geveg gelykop geëindig. Dries de Jager het op sy ou bestendige manier baie stewig vertoon en vir sy span 'n paar waardevolle punte aangeteken met twee mooi oorwinnings. Steve van der Walt wat die afgelope jaar puik judo doen, het, hoewel sy teenstanders baie swaar was, goed gevaar en in 'n hele paar gevegte gelykop geëindig. Chris Jordaan wat tweede swaarste geveg het, het miskien die geduqste teenstand gehad maar het hom tog oor die algemeen goed van sy taak gekwyt.

Willie van Aarde wat die swaarste in die span was kon daarmee spog om slegs een geveg te verloor en in nog een gelykop te veg terwyl al die ander gewen is. Hy is ook na afloop van die kampioenskappe gekies om vir die Universiteite se B-span teen Natal-provinsie te veg waar hy 'n baie maklike oorwinning oor sy teenstander behaal het.

### MEESTE PUNTE

In die tweede span-afdeling is dit nie moeilik om vir Danie Swanepoel, Thys Cronjé en Thys Lourens uit te sonder nie. Met goeie judo het Swannie al sy gevegte gewen en dus die meeste punte aangeteken. Thys Cronjé en Thys Lourens het elk 'n hele paar maklike oorwinnings behaal wat saam met 'n punt van Wimpie van der Merwe die Puk vierde laat eindig het. Johan van der Walt wat maar 'n week voor die kampioenskappe begin judo doen het, het in die begin baie swaar geleef, maar teen die einde van die kampioenskappe kon hy ook al baie sê op die mat.

As geheel is daar judo van baie hoë gehalte gesien en al die judokas het op die bywoning van die kampioenskappe gebaat. Om 'n aanduiding te gee van die kwaliteit van die judo op die S.A.U.-kampioenskappe kan genoem word dat die Universiteite A en B span Natal-provinsie baie maklik en oortuigend met 14-0 geklop het. Natal word vandag as een van die sterkste judoprovinsies bestempel.

### HARD BESIG

Op die oomblik is die manne hard besig om hul voor te berei vir die intervarsitie teen Bloemfontein. Die Puk gaan alles in sy vermoë doen om vanjaar die bordjies teen Ukovs te verhang.

Op 11 September veg die eerste span van die Puk teen Klerksdorp in die Studentesaal om te bepaal wie vanjaar die wenners van die W.T.-liga gaan wees. Die Puk was verlede jaar die wenner van die liga en beskik beslis oor die potensiaal om vanjaar weer die Joubert-trofee in Potchefstroom te huisves.

# Hokkie van hoogstaande gehalte

**Gedurende die Wintervakansie het die P.U.-manshokkieklub aan die Interuniversitêre hokkietoernooi in Pretoria deelgeneem. Sulke toernooie is bekend vir die hoogstaande hokkie wat daar gespeel word en die Pukke het hulle goed van hulle taak gekwyt, ten spyte dat hulle deur kwaai beserings gepla was.**

Van die sewe wedstryde wat daar gespeel is, het die Puk twee gewen: die een teen die Kovsies en die een teen die Maties. Was dit nie vir die beserings en die feit dat drie van die gereelde eerstespanspelers nie die toernooi kon bywoon nie, kon die wedstryde teen Pretoria en Kaapstad ook heel moontlik gewen gewees het.

### BREEK DEUR

Omdat meeste van die spelers sewe wedstryde moes speel, het byna elke wedstryd die volgende patroon gehad: die Pukke hou die teenstanders goed vas en boer meerendeel van die tyd in hulle halfgebied maar kan net nie doele aanteken nie en in die laaste tien minute breek die teenstanders deur die Puk se verdediging en kry 'n paar doele. Veral die wedstryd teen Kaapstad was so. Die Pukke het teen rustyd 2-1 voorgeloop en in die laaste sowat agt minute teken die Ikeys vier doele aan om die wedstryd dus 5-2 te wen.

Om dan op te som: die Puk het oor die algemeen nie te sleg gevaar nie en het waardevolle ondervinding opgedoen om dan volgende Juliemaand in Pietermaritzburg te probeer om minstens vier uit die sewe wedstryde, indien nie meer nie, te wen en sodoende die Puk se naam op die gebied van hokkie weer in ere te herstel.

### NET TWEE SPANNE

Verder moes die Pukke ook nog teen Universiteite speel wat tot ses hokkiespanne het om uit te kies terwyl die Puk net twee spanne het. Die ander uitslae is: Wen teen U.O.V.S. 5-2; Verloor teen U.P. 2-4; Verloor teen Natal 0-7; Wen teen U.S. 2-1; Verloor teen Rhodes 6-1; Verloor teen Wits 6-0.

Verdienstelike spelers was Roger Stotesbury, Louis Viljoen, Faan van Wyk, Peet Aucamp en Gert Snyman. Roger Stotesbury was dan ook een van die 22 spelers wat na die toernooi gekies is.



**AGTER, v.l.n.r.: R. Ingram, P. Duvenhage, D. Tromp, C. v. d. Merwe, P. du Plessis, B. Venter, F. v. Tonder.**
**MIDDEL: P. Venter, H. Visser, H. Meadon, B. Raman, B. de Klerk, Scottie, P. de Villiers, C. Pretorius.**
**VOOR: D. Briers, D. v. Wyk, H. v. Zyl (Bestuurder), J. Viljoen (Kapt.), D. de Wet, K. v. d. Walt.**

# RUGBYTOERSPAN VAAR SWAK . . . EN GOED

**Slegs agt gereelde Eerstespanspelers kon die toer meemaak. Die oorblywende dertien spelers het bestaan uit agt tweede spanspelers en vyf 0/20-spelers. Die aantal wedstryde wat gespeel is, is 'n kwart soveel as wat 'n oorsese toerspan gewoonlik in vier maande speel. Bowendien is die eerste vier wedstryde binne 'n enkele week afgespeel — dit is die helfte van die Neserligaronde wat oor 'n hele seisoen strek! Voeg daarby dat al die wedstryde teen gedugte teenstanders was, dan is dit duidelik dat die toer bra oorbeset was.**

**Nogtans het die span hom onder omstandighede goed van sy taak gekwyt: nadat die eerste vier wedstryde op 'n ry verloor is, is die laaste drie oortuigend gewen. Statisties gesproke is dit miskien 'n teleurstellende rekord.**

**KAMPIOENSPAN**

Onder die spanne wat ge ,,mooloo'' is, tel Potgietersrus, die kampioenspan van die Noorde. Onder meer het hulle vanjaar al om die beurt deeglik met Tukkies, Vereeniging, Oostelikes (Pretoria) en Lichtenburg afgereken. Wat veral verblydend is, is dat Potgietersrus met egte studenterugby van hulle voete gespeel is. ,,Pukke verneder Potgietersrus'' was die volgende dag een van die banieropskrifte op die sportbladsy van die Noord-Transvaler, die grootste plattelandse koerant in die land. 'n Verdere aanduiding dat die toerspan hulle deeglik laat geld het, kan afgelei word uit die naelskraapse neerlaag van 14-16 teen Phalaborwa wat enkele dae voor hulle wedstryd teen die Puk vir Wits met 21-3

(Vervolg op bls. 6)

# PLUIMBAL VAAR GOED

**Vir die eerste keer het die P.U.-Pluimbalklub vanjaar deelgeneem aan die inter-universitêre toernooi en wel te Stellenbosch. Die span het die toernooi onder baie moeilike omstandighede bygewoon.**

Slegs tweede wedstryde kon in die loop van die eerste semester gespeel word, met die gevolg dat daar van oefening geen sprake was nie. Daarbenewens moes elke speler ook sy eie onkoste dra, plus die bedrag wat elke klub moes betaal vir die pluime. Wat die intervarsity betref, het hulle nie te goed gevaar nie. Met die kampioenskappe was dit egter Rosalie de Klerk wat feitlik amok gemaak het deur die gunsteling vir die damesenkelspel in die eerste rondte uit te skakel. Hierna het sy deurgedring tot die eindronde waar sy toe verloor het teen J. Booth van Natal. Ook met die damesdubbels en die gemengde dubbels het Emmerentia Buys en Rosalie de Klerk en Johan de Wet deurgedring tot die halfeindronde.

**PRENTJIE ANDERS**

Indien die klub oor die nodige middele en veral die geld beskik het om in te skryf vir die liga hierdie jaar of selfs net 'n paar wedstryde meer kon speel, sou die prentjie beslis anders gelyk het. Rosalie de Klerk het bv. volgens die keurders net-net nie die Proteaspan gehaal nie — weens gebrek aan ondervinding en afronding.

Die Pukke het teen Tukkies (wat ook vir die eerste keer ingeskryf het) met 8-7 verloor en nou moet onthou word dat Tukkies alreeds twee jaar liga speel.

Indien die klub volgende jaar onder volle patronaatskap van die S.R. kom, behoort die span beslis sy man te kan staan teen enige Universiteitspan.

Wat die wedstryde betref wat nog teen Heidelberg Normaal, en Tukkies gespeel moet word, behoort die spelers nie sleg te vaar nie, veral nie na die week se oefening van 9 vm. tot 11.30 nm. **tydens die toernooi nie.**



**R. DE KLERK**
Foto: Fotokuns

## Sportgeselsie deur Rydan

# RUGBYTOER — DIT WAS DIE MOEITE WERD

**In verskeie kringe word daar gefluister of die rugbytoer van die pas afgelope vakansie deur Verre Noord-Transvaal die moeite werd was al dan nie. Persoonlik dink ek dat die toer beslis 'n sukses was.**

Die doel van so 'n toer is gewoonlik om in die eerste plek die Universiteit te adverteer en tweedens om aan juniorspelers die geleentheid te gee om ervaring op te doen in groot geselskat. Wat die eerste betref, lyk die toerrekord miskien nie so indrukwekkend nie, maar die oorwinning oor Potgietersrus het die ander nederlae so te sê uitgewis en boonop het die meeste mense in die Noorde geweet dat dit nie ons sterkste span was nie — as sulks was hulle oor die algemeen vol lof vir die span se vertonings.

**PLEKKE VOLGESTAAN**

In die tweede plek het die toer getoon dat die Puk oor verskeie juniorspelers beskik wat hul stem nog gaan dik maak in die toekoms. Die O/20's, veral Boeboe Venter, William Scott, Coert van der Merwe en Bennie de Klerk, en manne soos Bertie Raman en Dries de Wet het meer as hul plekke in die span volgestaan.

**INTERVARSITY**

Ons staan aan die vooraand van Intervarsity en vanjaar is dit ons beurt om die bordjies te verhang. Maar ons sal hierdie ideaal nooit verwesenlik nie as ons nie nou saamstaan nie. Hiermee bedoel ek slegs dit: Almal moet hul volle gewig ingooi; ook diegene wat nie aan 'n spesifieke sportsoort deelneem nie.

Ons het al so baie oor die Pukke se gees en houding gepraat en geskryf dat dit op die oomblik vir my voel asof dit eintlik nodeloos gaan wees, maar kom ons probeer weer vir oulaas. Kom Pukke, laat ons Bloemfontein oorstroom met oortollige studente-energie en nie alleen ons allerbeste op die sportveld openbaar nie, maar ook ons volle gewig as toeskouers vir ons mede-Pukke gee. Geagte sportlesers, dit het nou tyd geword dat ons ons „slap-gees'' oorboord moet gooi en ons houding t.o.v. ons Universiteit met sy buitemuurse aktiwiteite ten goede moet verander. Laat ons nou positief optree en die stryd met die Kovsies op 'n gesonde basis aanknoop.


# SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË

# AANTREKLIKE LOOPBANE

Die Suid-Afrikaanse Spoorweë bied die volgende aantreklike loopbane aan gegradueerdes:

| | Indien in besit van | Aanvangsalaris |
|---|---|---|
| Assistent-ingenieur | B.Sc. Ing. | R2,250 p.j. |
| | B.Sc., B.Ing. (Stellenbosch) M.Sc. | R2,400 p.j. |
| | M.Ing. (Stellenbosch) Ph.D. D.Sc. | R2,550 p.j. |
| Metaalkundige / Skeikundige | B.Sc. | R1,950 p.j. |
| | Hons.-B.Sc. | R2,100 p.j. |
| | M.Sc. | R2,250 p.j. |
| Bestekopmaker | Diploma Bourekening | R1,950 p.j. |
| | B.Sc. Bourekening | R2,100 p.j. |
| | M.Sc. Bourekening | R2,250 p.j. |
| Klerk (vir opleiding as administratiewe amptenaar) | 'n Baccalaureusgraad wat 'n minimum studietydperk van drie jaar vereis | R1,425 p.j. |
| | 'n Honneursgraad (of 'n gesertifiseerde verklaring dat die teoretiese deel van die magistergraad suksesvol voltooi is) of 'n baccalaureusgraad wat 'n minimum studietydperk van vier jaar vereis | R1,650 p.j. |
| | 'n Magistergraad | R1,875 p.j. |
| | 'n Doktorsgraad | R2,025 p.j. |

Nader besonderhede kan van die Hoofbestuurder, Kamer 39, Spoorweghoofkantoor, Johannesburg, verkry word.

LS/L/3546

# PUKKE BEWYS BAASSKAP OOR POTE

## *Wen Spannende Wedstryd 8—5*

**Theos het verlede Saterdag hul tweede oorwinning oor die span van Pote behaal toe hulle op Olënpark 'n spannende en dikwels opwindende wedstryd met 8 punte ('n doel en 'n drie) teen 5 ('n doel) gewen het. Dit was ook die rustydtelling.**

Die wedstryd is gekenmerk deur harde studenterugby waarin min genade gevra en nog minder gegee is. Die verdediging aan albei kante was deurgaans rotsvas en die spanne het mekaar maar min beweegruimte gegun.

Hoewel daar diegene sal wees wat sal sê dat die telling net sowel andersom kon gewees het, het die Pukke hulle oorwinning verdien omdat hulle beter gebruik gemaak het van hulle kanse.



JAN KRUGER

*(Foto deur Fotokuns)*

### NIE HEELTEMAL GELUKKIG

Met die oog op Intervarsity kan die Eerstespan egter nie heeltemal gelukkig voel met hulle vertoning van Saterdag nie. Die voorspelers is in die lynstane heeltemal oorskadu, terwyl hulle ook met tye tweede viool moes speel in die los. Hier was die uitstaande speler onder die Geeltruie flank Jan Kruger, wat deurgaans 'n bars in die los gespeel en ook sy deel in die lynstane bygedra het. In die vaste skrums het sake baie beter verloop, waar Bulletjie de Beer andermaal sy man deeglik gestaan het.

Onder die agterspelers het Kobie van der Walt en Hannes Visser uitgeblink. Kobie het deurgaans onder kwaai druk gespeel en hom baie goed van sy taak gekwyt. Sy breekslag hier kort voor die einde toe hy van die middellyn tot byna op die Pote se doellyn gevorder het, was werklik skitterend.

### BESKIK OOR POTENSIAAL

Oor die algemeen het die agterlyn (die tye wat hulle wel beweeg het) mens die indruk gegee dat hulle oor die potensiaal beskik om hul teenstanders se verdediging te skeur, maar dit nie self besef nie. 'n Goeie voorbeeld is Gerrit Scholtmeijer. Hierdie senter het Saterdag by twee geleenthede getoon dat hy 'n gaping kan slaan as hy wil, maar toe hy 'n ander keer of wat geneig was om te huiwer, is hy met bal en al onder stof geloop. Scholtmeijer het 'n hand in albei die drieë gehad.

Dries Redelinghuys, die ander senter, het goed verdedig, maar miskien sal dit goed wees om hom en Faan van Tonder weer om te ruil.

### VERLOOP VAN SPEL

Die wedstryd het teen 'n geweldige tempo begin. Die Swartetjies het in die Pukke se kwartgebied geboer en laasgenoemde moes keer vir al wat hulle werd was. Tog was dit die Geeltruie wat eerste punte aangeteken het toe Scholtemeijer na 'n kwartier 'n goedgemikte skoppie vorentoe gelos en Hannes Visser onder die pale oorgeval het vir 'n drie wat deur Spekkies de Villiers (wat andermaal 'n stewige vertoning gelewer het) vervyf is.

Hierna het Theos hulle voete gevind en mooi begin terugslaan. Nadat die Pote 'n doel aangeteken het, het vleuel Klaas Havenga kort voor rustyd in die hoek oorgegaan nadat Scholtemeijer sy teenstander mooi getrek en op die regte oomblik die bal laat loop het.

Die tweede helfte het aanvanklik baie gelykop verloop maar teen die einde was daar net een span op die veld en dit was nie die Onderwysers nie.



K. v. d. WALT

### BLAINE

Met hierdie oorwinning van hulle het Theos nou deurgedring na die volgende ronde van die Blaine-kompetisie, waar hulle teen òf Goldfields-Wes òf Klerksdorp te staan sal kom.

## Puk verloor— Sokker

**Op 18 Julie het die A-span teen Strathvaal B gespeel en dit was jammer dat die Pukke moes verloor. Die Pukke was nie heeltemal fiks nie en daarom is daar meer toegespits op balkontrole wat 'n goeie resultaat gelewer het.**

**Na rustyd met 8-0 in Strathvaal se guns, het die Pukke twee netjiese doele aangeteken van Paul Steyn se skoen af. Strathvaal het toe begin hard speel en kon nog twee doele kry om die eindtelling op 4-1 te staan te laat kom.**

**Baie goeie verdediging is gelewer deur Schalk Sevenster. Daar is geprobeer om sokker tydens intervarsity te speel, maar die Kovsies kon nie 'n span bymekaar kry nie en miskien sal daar egter nog teen N.K.P. gespeel word, wat 'n redelike sterk span het.**

## KOSHUSLIGA-KAMPIOENE

Met sy oortuigende oorwinning van 6-3 oor Dawie Doep-Noord op 5 Augustus, het Dorp vir die tweede agtereenvolgende jaar die koshuisligakampioenskap gebuit. Daardeur behou die Dorpspan dus ook die Tokkie Coetsee-wisseltrofee.

*Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Eienaars en uitgewers: Die S.R. van die P.U. vir C.H.O.*

**GISELA MAIWALD**
*Fotograaf en Fotografiese Dienste*
TOMSTRAAT 100 ——— POTCHEFSTROOM

# Tennis berei voor vir Intervarsity

**In die mans enkelspel moet Dawie Smith en Theo Malan dit nog uitspook om die eerste twee plekke, terwyl Lappies Labuschagne, Lourens Roux en Pieter van der Walt onderskeidelik derde, vierde en vyfde plekke op die leer beklee. Die feit dat 'n speler soos Pieter vanjaar vyfde op die leer verskyn, is 'n aanduiding van hoe diep die Puk se tenniskrag vanjaar geleë is. (Die leer is ter insae by die bane se kennisgewingbord).**

Vir diegene wat verlede jaar deelgeneem het aan Intervarsity, is dit 'n uitgemaakte saak dat die Kovsies weer op hulle baadjie gaan kry. Volgens die leier bevat die tweede- en derdespanne min verrassings, maar daar sal nogtans heelwat geskommel word voordat die spanne vir intervarsity gekies word. Dit lyk egter of daar sterk tweede- en derde spanne saamgestel sal kan word.

### OPWARMINGSWEDSTRYDE

Beide die eerstespanne van die klub het verlede Saterdag opwarmingswedstryde gespeel ter voorbereiding vir intervarsity. Die mans het teen 'n span bestaande uit Wes-Transvaalse en oud-Wes-Transvaalse spelers die onderspit gedelf nadat hulle redelik goed gevaar het in die enkelspelwedstryde, maar nie die mas kon opkom in die dubbelspelwedstryde nie. Die dames is deur 'n span van Park-tennisklub geklop, maar waardevolle ondervinding is opgedoen.

Die tweedespan van die dames vertoon volgens die leer heelwat verrassings.

# Puk se Juniors speel puik Rugby

**Die Puk se O/20's het die afgelope paar wedstryde werklik pragtig vertoon. Verlede Saterdag het die A-span in 'n voorwedstryd op die Park die O/20 C-span van Weermag met 49-0 verslaan in 'n eensydige maar nogtans aanskoulike wedstryd. Die spannetjie het een en almal lustig baljaar en om 'n paar uitblinkers uit te sonder sal moeilik wees.**

Ook die O/20's se B-span het in die vroeë voorwedstryd mooi rugby gespeel om die B-span van Weermag met 16-13 te klop. Dis beslis jammer dat die Kovsies nie vanjaar 'n O/20-span in die veld sal kan stoot met Intervarsity nie.

**P.U. O/20-A 13, P.O.K. O/20-B 0.**

Op Saterdag 1 Augustus het die O/20 A-span op Witrand die Pote se O/20 B-span met dertien punte teen nul geklop. Die bal is lekker rondgegooi en goeie hardlooprugby is gesien. Punte is aangeteken deur Gawie Yssel ('n drie en 'n vervyfskop), Paul Marais, Johan Fourie (elk 'n drie) en Leon de Bruin ('n vervyfskop).

**P.U. O/20-B 6**
**P.O.K. O/20-A 8**

Dieselfde Saterdag was die Pukke se B-span besonder ongelukkig om op die Pukveld met 8-6 teen Pote se A-span te verloor. Hiermee het die Pote byna seker gemaak dat die Barnardbeker vanjaar na hulle gaan. Die Pukke se punte is aangeteken deur Lucas Fouche en Jan Schutte, wat elk 'n drie behaal het.



V.l.n.r.: D. Bosman, F. Erasmus, F. Botha, Dr. B. Strydom, Pottie, T. v. d. Walt, P. König en P. Goossen

# Puk stoeiers op S.A.U.-Kampioenskappe

**Op Vrydagmiddag 26 Junie, het 7 stoeiers van die Puk met Dr. Ben Strydom as Raadsverteenwoordiger, per S.R.-Kombi na Kaastad vertrek vir deelname aan die S.A.U.-kampioenskappe.**

Die Pukke het sommer gou bekendheid verwerf in Kaapstad en baie vriende gemaak. Hulle het dan ook spoedig in die kalklig verskyn met hulle „betoog" teen die bostuklose bikini, waarna elders in hierdie uitgawe verwys word.

Met die stoei self het die Pukke egter nie so baie publisiteit geniet nie. Die standaard was baie hoog en die Pukke moes teen baie ervare stoeiers die stryd voer. Nogtans het hulle hul deeglik van hul taak gekwyt en goeie kritiek ontlok.

### PIET GOOSSEN

Piet Goosen het soos gewoonlik weer uitgeblink op die kampioenskappe. Hoewel hy in 'n baie hoër gewigsgrens as sy eie ingeskryf het en sodoende teen die baie swaarder stoeiers te staan gekom het, het hy al sy gevegte binne enkele oomblikke met valle in sy guns beklink. Selfs die W.P.-kampioen kon nie eers 'n volle rondte teen hom standhou nie. Vanselfsprekend is die beker vir die mees wetenskaplike stoeier op die kampioenskappe, vir die tweede agtereenvolgende jaar aan hom toegeken. „Master Goosen" was dan ook ongetwyfeld die held van die Kleurlingtoeskouers.

* * *

# NAVY NEEM WEERWRAAK

Navy het Saterdag op Park B na 'n stamperige begin mooi reggeruk om die Pote met 14 punte teen 8 te verslaan. Rustyd was die telling 8-5 in die guns van die Pote, nadat Das Schoeman gedruk en Reg Miller vervyf het.

Na rustyd het die Pukke stukke beter gespeel en die finale telling was 'n goeie weergawe van die spel. In die tweede helfte het vleuel Doepie du Plessis 'n drie gedruk, terwyl Miller twee strafskoppe behaal het.

Uitblinkers onder die Pukke was kaptein Das Schoeman, Reg Miller, Du Plessis en skrumskakel Bertie Raman.

**Pukke onthou!**
**SAT., 22 AUG.—**
**●**
***INTER-VARSITY!***